SAGTE BALLISTIESE STELSEL (SBS)

Die ZA-M en ZG-B Precis-strooiers word verskaf standaard met die Sagte Ballistiese Stelsel (SBS) wat in die strooistelsel geïntegreer is. Die SBS begin by die roerders (196 o.p.m.), wat so gevorm is dat die kunsmis oor die hele wydte van die bak versprei word en sodoende die vorming van 'n kunsmistregter in die middel van die bak grootliks verhoed en homogeneïteit handhaaf. Die kunsmis beland dan mooi in die middel van die strooiskyf, wat, weens die lae periferale snelheid van die strooiskyf in hierdie sektor (720 o.p.m.), 'n ononderbroke stroom kunsmis verseker wat sagkens deur die strooivleuels uitgestrooi word. Die kunsmis word deur die vleuels na die buitenste rand van die skyf gestuur, en die vleuels verseker dan die akkurate verspreiding en presiese plasing oor die individuele sektore. Die SBS is belangrik omdat die kunsmissoorte hulle strooi-eienskappe deur die hele proses behou en gevolglik akkuraat versprei word.

Alle kunsmisstrooiers (ZA-M en ZG-B) wat met Amatron+ toegerus is, kan via die RS 232 seriële koppelvlak in kombinasie met GPS-terminale gebruik word.

Reeks ingevoerde AMAZONE-produkte

Model	Bakkapasiteit (l)	Strooiwydte (m)
	ZA-X STROOIERS	
ZA-XW 502	500	10 - 18
met 1 x S 200	700	
ZA-X 602	600	10 - 18
met 1 x S 250	850	
ZA-X 902	900	10 - 18
met 1 x S 350	1 250	
met 1 x S 800	1 700	
	ZA-M STROOIERS	
Z		
A-M 900	900	10 - 24
met 1 x S 350	1 250	
met 2 x S 350	1 600	
met 1 x L 800	1 700	
ZA-M 1500	1 500	10 - 36
met 1 x S 500	2 000	
met 2 x S 500	2 500	
met 1 x L 1000	2 500	
met S 500 + L 1000	3 000	
ZA-M 1500 ProfiS	1 500	10 - 36
met 1 x S 500	2 000	
met 2 x S 500	2 500	
met 1 x L 1000	2 500	
	ZG-B STROOIERS	
ZG-B 5500 Special	5 500	10 - 36
ZG-B 5500 Super	5 500	10 - 36
ZG-B 8 200 Special	8 200	10 - 36
ZG-B 8 200 Super	8 200	10 - 36

Alle Falcon-toerusting is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees en uitstekende waarde vir geld te bied. Voortreflike klantediens is ook deel van die Falcon-belofte. Ons toerusting is gebou om te hou en is in staat om die strawwe Suid-Afrikaanse toestande die hoof te bied.

Produkgroepe en Produkte

Wentelsnyers
Ligtediens
Mediumdiens
Swaardiens
Ekstraswaardiens

Hooimaaktoerusting
Haymakers®
Baalhanteringstoerusting
Uniloaders™

Strooiers
Misstrooiers
Kalkstrooiers

Grondbewerkingstoerusting
Rotavators (en Saadbedvormers)
Ploeë

Grassnyers
Blowermowers™
Grassmulchers™
Rollersnyers
Rotagangs™

Mulchers
Fieldmulchers™
Side Discharge Mulchers

Ingevoerde Produkreeks
Die volgende produkreekse word deur Falcon Agricultural Equipment ingevoer en versprei:

Wentelsnyers
Woods Batwing BW1800 4.5 m
Woods Batwing BW3240 6 m

Grassnyers
Votex-swaailemsnyers
Votex-reiksnyers
Amazone Groundkeepers

Strooiers
Amazone Strooiers

Stokkiekappers
Votex-stokkiekappers

FALCON
werk vir jou!

Tel: +27 (0)33 330 4764
Faks: +27 (0)33 330 2120
E-pos: info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za

AMAZONE

STROOIERS

Die Amazone-strooier is een van die beste presisiestrooiers ter wêreld. Hierdie implemente strooi kunsmis, sade en slakpille en is geskik vir gebiede wat wissel van boorde tot groot kommersiële plase. Bakkapasiteite wissel van 500 l tot 8 200 l, en strooiwydtes van 10 m tot 36 m.

INGEVOER DEUR FALCON

Envoudige Kalibering!
Geen Gereedskap Nodig!

ZA-X PERFECT STROOIERS

ZA-X Perfect Strooier

Die ZA-X Perfect strooier-reeks is die gevolg van meer as 40 jaar se ontwikkeling in dubbelskyf-strooistelsels. Hierdie veelsydige strooiers is ontwerp vir klein- tot mediumgrootte plase en is ge-skik vir boorde, wingerde en weidings. Hulle is gemaak vir akkurate strooiing van alle soorte kunsmis, sade en slak-pille, en kan vir normale strooiing, laat bobemesting en randstro-oiing gebruik word.

Verstelling van die skywe vereis geen gereedskap nie. Die strooi-ers word standaard verskaf met 'n baksif, onafhanklike hidrou-liese sluisbeheer vir óf links- óf regsstrooiing, en 'n volledige kalibre-ringstel.

Die ZA-X Perfect 502, 602 en 902 is almal met randstrooiingsplate toegerus.

Bakkapasiteite wissel van 500 l tot 1 700 l met die gebruik van 'n ekstensie. Strooiwydtes wissel van 10 m tot 18 m.

ZA-M STROOIERS

ZA-M Strooier

Die ZA-M-strooier met SBS (Sagte Ballistiese Stelsel) is geskik vir gebruik op enige plaas of deur kontrakteurs. Die strooier het 'n sterk, stewige raamontwerp met 'n lae vulhoogte en 'n dubbel-bakstelsel vir beter kunsmis-beheer. Die strooier is ge-maak vir akkurate strooiing van alle soorte kunsmis, sade en slakpille, en kan vir nor-male strooiing, laat bobemesting en randstrooiing gebruik word.

ZA-M-strooiers het onderhoudvrye oliebad-ratkaste met geïnte-greerde veiligheidsbeskerming teen oorlading, 'n dubbelsluisstelsel vir optimum strooikoersverstelling, opvou- en sluitbare siwwe teen ongewenste materiaal, 'n kalibreringstoestel, instelkaart en bere-keningskyfliniaal.

Bakkapasiteite wissel van 900 l tot 3 000 l met die gebruik van 'n ekstensie. Strooiwydtes wissel van 10 m tot 36 m.

ZA-M Elektroniese Pakkette (Opsionele ekstras)	Control-pakket	Tronic-pakket	Comfort-pakket	Hydro-pakket
Aanboordrekenaar	AMADOS+	AMATRON+	AMATRON+	AMATRON+
Vorentoespoed-verwante strooikoersbeheer (= optimum operasionele spoed)	X	X	X	X
+/- Strooikoersverandering, individueel, óf albei kante óf een kant	X 10%-Inkremente	X Oneindig	X Oneindig	X Oneindig
Hektaarteller, geriefliker kalibreringstoets	X	X	X	X
Dubbelsluisstelsel (elektroniese uitmeetskuifplate, hidrouliese sluisskuifplate met noodmodus	X	X	X	X
Spat- en roesbeskerming vir alle elektroniese komponente	X	X	X	X
Monitor van die beperker en outomatiese strooikoersver-mindering by randstrooiing		X	X	
Spesiale funksie vir strooi van slakpille		X	X	X
RS 232 seriële koppelvlak vir HydroN-Sensor en GPS-terminaal; ISO-Bus-voorberei, taakberging vir 20 veldrekord-geheues		X	X	X
Aanlyn-weegstelsel, -kalibrering en -toetsing (slegs ZA-M ProfiS)		X Slegs ProfiS	X Slegs ProfiS	X Slegs ProfiS
Aktuering van alle hidrouliese funksies via AMATRON+			X	X
Elektrohidroulies gereguleer en beheerde strooiskyfspoed				X
Rand- en landkantstrooiing vir albei kante deur omwenteling-spoedverandering met outomatiese aanpassing van die strooikoers				X
Wigvormige strooiing (bv. 6-seksie wydte-afsluitbeheer)				X

ZG-B STROOIERS

ZG-B Strooier

Hierdie implemente is mine-raalkunsmisstrooiers met steil bakwande om goeie kunsmis-vloei te verseker, selfs met vogtige kunsmis en teen hel-lings. Die grootdimensie-bande verminder gronddruk en derhalwe verdigting, en vergemaklik werkverrigting, selfs in moeilike toestande. Die Amazone ZG-B massa-materiaalstrooier spesialiseer in die behoeftes van baie groot plase en kontrakteurs.

Die groter bakkapasiteite verminder ry- en laaitye. Strooiwydtes wissel van 10 m tot 36 m vir mineraalkunsmis en die gemaklike looprat van die ZG-B se robuuste ontwerp verseker die hoogs moontlike werksdoeltreffendheid. Vanweë die groot vuloppervlakte kan direk van 'n silo of laaigraaf gelaai word. Die bak kan van die opvouleer af waargeneem word, en die parkeerpoot is sterk genoeg om die strooier te stut, selfs wanneer dit vol is. Strooi-skywe kan maklik verander word van kalkstrooiskywe, wat klam basiskunsmis, gedroogde slyk en droë pluimveemis kan strooi (voginhoud ⩽30%), na OM-strooiskywe vir normale basisbemesting met mineraalkunsmiskorrels.

Die modelle in die ZG-B-reeks is:

- Die Special, met 'n rubber-vloerband en waarvan die strooi-koers via die hoofsluisplaat verstel word. (Die kragaftakkeras dryf die rubber-vloerband sowel as die strooiskywe aan.)
- Die Super, met addisionele, koste-effektiewe snelheidsver-wante kunsmiskoersbeheer via die meganiese grondwielaan-drywer wat verseker dat die strooikoers konstant bly, selfs met wisselende snelhede en teen hellings. (Die kragaftakkeras dryf die strooiskywe aan, terwyl die grondwielaandrywer die rubber-vloerband aandryf.)
- Die Drive, met snelheidsverwante strooikoersbeheer via die elektrohidroulies-beheerde rubber-vloerband met behulp van die Amatron+ binnekajuitoperateursterminaal. (Die kragaftak-keras dryf die strooiskywe aan, terwyl die rubber-vloerband elektrohidroulies beheer word.)
- Die Precis, met snelheidsverwante strooikoersbeheer via die elektrohidroulies-beheerde rubber-vloerband met behulp van die Amatron+ binnekajuitoperateursterminaal en wat toegerus is met die bewese dubbelsluisstelsel van die ZA-M kunsmis-strooierreeks met hidrouliese sluis en elektronies-beheerde uitmeetskuifplaat. (Die kragaftakkeras dryf die strooiskywe aan, terwyl die rubber-vloerband elektrohidroulies beheer word.)

By die ZG-B 5500 Drive- en Precis-modelle bestaan daar 'n opsie wat kontrakteurs pas, naamlik om hulle toe te rus met 'n weeg-stelsel wat dit moontlik maak om te bepaal hoeveel material gestrooi is.

Ter opsomming

SPECIAL	Goeie waarde, kragaftakkeras-aangedrewe uitmeetstelsel
SUPER	Meganiese grondwielaandrywing
DRIVE	Elektrohidrouliese uitmeetstelsel met Amatron+
PRECIS	ZAM-uitmeetstelsel met AMATRON+ Comfort

Bakkapasiteite is 5 500 l en 8 200 l. Strooiwydtes wissel van 10 m tot 36 m.